Weskus Donkiekar Stapsafari

18 - 26 Maart 2017. Roete terugvoer.
Nomades Voetslaanklub

Elsabe During het vir ons die verslag geskryf.
Baie dankie daarvoor.

Ceclia van Rensburg, Cornea Maree, Elsabe During, Erna Lubbinge, Jenifer Roets, Leonore van der Merwe, Lily van Rhyn, Louise Havenga, Louretta Roux, Mariete Naude, Nico Roets, Norma Grotius, Rita Jordaan en Wilna Moolman gaan saam. 14 Siele.



"En daar breek die 18de Maart 2017 toe uiteindelik aan! Vanuit alle windrigtings, per motor al die pad van Pretoria, per vliegtuig na Kaapstad en toe per motor, kom ons uiteindelik al 16 siele om 12:00 by Garies se toerismestal bymekaar vir die GROOT STAP aan die Weskus, met die temperatuur wat ons in die gesig staar op 'n heerlike, verfrissende 42º! Daar word ons toe op egte Weskuswyse vriendelik deur Wouter, Sonja en Wilma Jordaan, die toerorganiseerders, ontvang.

Ons bagasie (beperk tot 20 kg per persoon) word in een van vier voertuie gelaai, kos en water (baie water!) word in 'n tweede voertuig gelaai en die res van ons soos sardientjies in 'n kombi en vierde voertuig geprop en daar vertrek ons om 14:00 uit Garies, see se kant toe, na Koringkorrelbaai toe, sowat 80 km verder in die Namakwa Nasionale Park! Met 'n oulase blik op die termometer sien ons dis toe dis 'n lekker warme 44 º! Lekker man!

Toe begin die pret! Ry ons nog so lekker in 'n konvooi toe alles still raak agter die kombi. Geen teken van die res van die voertuie nie. Draai toe summier om om ondersoek te gaan instel en siedaar … 'n pap, vermorselde buiteband! Gelukkig het ons mos manne saamgeneem wat uitmaak van dié soort ding en sommer in 'n japtrap (wel, miskien met bietjie meer moeite en sorgenisse) is ons weer vort … see toe …

Lekker kronkelende sandpad en sowat 8 plaashekke later stop ons in Koringkorrelbaai waar ons onmiddellik begin kleims afsteek, tente opslaan en regmaak vir aandete en die volgende oggend se stap.

Dié aand word ons lekker getrakteer op Weskuskos en met vol magies en die see in ons ore, gaan almal slaap. Dinsdagoggend geniet ons 'n sondige ontbyt en word toe met motors na **Strandfonteinpunt** geneem vanwaar ons dié dag se **±17 km** aandurf in die hittige son, deur die warm sand tot by die **Spoegriviergrotte**. Mense, dit was WARM, maar MOOI!

Die twee donkiekarretjies het intussen aangesluit om saam met ons al langs die kus te stap ... en bietjie rus te verskaf aan moeë voete, of sommer net die ervaring om op 'n donkiekar in die sand te ry! Sien darem 'n seeleeu en 'n walvis ook doer ver in die see raak.

Ons kom hier teen drie-uur se kant toe uiteindelik almal by die donkieslaapplek bymekaar, vanwaar die voertuie ons weer sou terugneem na die basiskamp vir 'n lekker aandete van potjiekos en roosterkoeke. Groot was ons vreugde toe ons sien die kombi staan reeds vir ons en wag. En toé begin die pret! Daar val die splinternuwe bakkie toe, sonder ons medewete, lekker vas in die digte sand. En ons wag en ons wag en ons wag! En dis WARM!

Uiteindelik slaan 'n dowwe stoffie doer ver op die horison uit wat toe blyk Wouter te wees. Jip, lekker vasgeval (pappie het vergeet om die 4x4-knoppie betyds te druk!) en hulp word benodig. So "volunteer" 'n paar van ons toe om gou-gou die sakie te gaan beredder en daar trek ons met die kombi. En ons het mos die manne saam met ons, onthou!! …. Helaas!

Mense, ons begin grawe! Ons verskuif die duine rondom die voertuig van noord na suid, toe van suid na noord, toe weer van oos na wes en andersom …. duur manikure of te nie. Na vele gesukkel (seker sowat drie ure later) en vele kilogramme sandverskuiwings en nadat die kombi toe ook intussen vasgeval het, gee ons toe maar moed op.

Oom Gerrit (‘n jeugdige 78 jaar oud) val toe maar in die sandpad om sy *landcruiser* te gaan haal … ‘n goeie 15 km se stap terug kamp toe in die nag met ‘n botteltjie water en net die helder sterre-melkweg as geselskap. Nogal ‘n entjie, hoor.

“*Back at the ranch*” weet die spulletjie by die donkieslaapplek natuurlik glad nie wat aangaan nie en begin onderhandel vir slaapplek en vermaak mekaar met spookstories.

Uiteindelik sien ons die motorligte en word beide voertuie sommer in ‘n japtrap uitgetrek, die res opgelaai en ons almal terugvervoer na die basiskamp vir ‘n vroeë, BAIE vroeë ontbyt (00:30 die oggend). Van potjiekos was daar toe nie veel sprake nie!

Na ons daaglikse bemoedigende dagstukkie die volgende oggend, word ons per voertuig geneem na **Strandfontein** vanwaar ons die sowat **±13 kms** begin terugstap na **Koringkorrelbaai** toe.

Gelukkig verloop dié dag toe genadiglik sonder voorval. Ons bewonder die pragtige natuurskoon, die donkiekartrippies, die twee spierwit strande, die kreefbroeiplekke en -doppe, die skulphope wat knars onder jou voete en geniet so om-en-by 11:00 teetyd by **Bitterriviermond**. Van die beloofde robkolonie was daar ongelukkig nie veel sprake nie … darem so ‘n verdwaalde enetjie hier en daar bespeur.

Ons kom toe omtrent 14:00 se kant terug by die kamp. Wat ‘n heerlike, verfrissende dag! Die weer het gedraai en dis nie meer so snikheet warm nie! Weereens word ons getrakteer op Weskuskos … potbrood, snoek, konfyt en groente, wat dié trippie op sy eie sommer die moeite werd maak! Van *Weighless* of *Banting* het niemand ‘n woord gerep nie!

Na ontbyt op dag 4 vertrek ons met die voertuie na **Groenriviersmond** en stap van daar af al op en langs die strand tot by **Kwass se Baai** – sowat **10 kilometers** (niemand se *GPSs* of *fitbits* of wat-ook-al kon presies die afstande meet nie).

Wat ‘n bewys van die genade van Bo aan die Namakwaland … die pragtigste blommetjies uit die ooglopend barre en droë klipgesteentes! En die weer speel saam …

Van ons stap toe sommer die entjie terug kamp toe vanaf **Kwass se Baai**, sowat **5 kms**. Toe moet ons begin dink aan laastes … laaste aandete-bederf, laaste ontbytbederf, laaste saam kuier en stories uitruil, opslaan, oppak ⌊ en koebaai sê.

Vroeg die laaste oggend kon dié wat nog bietjie wou drentel of in die yskoue see swem, dit vir oulaas doen, maar die groot pak het begin vir die terugtog na Garies, om 14:00 daar uitmekaar te spat … terug na die harde werklikhede van siel en liggaam aanmekaar hou!

Die gasvryheid van die Weskus, die ongekunsteltheid van die mense en die unieke natuurskoon, het verwagtige ver oortref.

Wat ‘n ondervinding! Sterk aan te bevele as jy nog enigsins getwyfel het!”

Sien ook https://www.facebook.com/Weskus-Donkie-Stap-Safari-156829247775167/

Finansies:

Nomades vra Lede:R3520(sluit bewaringsfooi in), R3320(sluit bewaringsfooi uit)
Nie-lede R3565(sluit bewaringsfooi in), Lede:R3365(sluit bewaringsfooi uit)

```
Inbetaal deur 14 persone : R48,860.00
Uitgawes:  R48,498.00
       R3300*14persone = R46200 Stapfooie aan roete-bestuurder
       R 200*11persone = R 2200 Bewaringsfooi
       Bankkoste : R98
              Projek surplus : R362.00 (0.74%)
```

Nomades Groete
Nomades Voetslaanklub
www.nomades.co.za
vir meer stapverslae en klubinligting.